GEDRAGSREëLS NEERGELê VIR DIE REGSPERSOON BESWILL SS: 87/1980, KRAGTENS ARTIKEL 35(2) (b) VAN DIE WET OP DEELTITEL 95 VAN 1986 (SOOS GEWYSIG).

1) MOTORVOERTUIE, MOTORHUISE EN AFDAKKE:

a) Geen eienaar of bewoner mag sonder die skriftelike toestemming van die trustees 'n voertuig op die gemeenskaplike eiendom parkeer of laat staan nie of toelaat dat 'n voertuig op die gemeenskaplike eiendom parkeer of laat staan word nie.
b) Ekslusiewe gebruik van 'n motorhuis of afdak is toegeken aan alle eienaars. Daar is tans twee-en-twintig oop parkerings. Slegs twee voertuie per eenheid word op die perseel toegelaat. Slegs op skriftelike aansoek van die eienaar, sal die trustees 'n oop parkering allokeer vir die tyd wat daar 'n tweede voertuig gebruik word.
c) Die trustees mag enige voertuig wat sonder hulle toestemming op die gemeenskaplike eiendom geparkeer is, daarop staan of daarop geabandonneer is, op die koste en risiko van die eienaar daarvan laat verwyder of wegsleep. Onpadwaardige voertuie word nie op die perseel toegelaat nie.
d) Eienaars en bewoners van dele moet sorg dat hulle voertuie en die voertuie van hulle besoekers en gaste nie olie of remvloeistof op die gemeenskaplike eiendom drup of die gemeenskaplike eiendom op enige ander wyse skend nie.
e) Geen eienaar of bewoner word toegelaat om op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, 'n uitsluitlike gebruiksgebied of 'n deel enige voertuig of motorfiets uitmekaar te haal of herstelwerk daaraan te doen nie.
f) **Motorhuise mag nie as 'n stoorplek gebruik word nie.** Slegs motorvoertuie of 'n motorfiets mag in motorhuise parkeer word.
g) Motorhuise en afdak areas moet te alle tye skoon en netjies gehou word.
h) 'n Spoedbeperking van 10 km geld op die gemeenskaplike eiendom. Die regspersoon aanvaar geen verantwoordelikheid ten opsigte van enige skade en/of besering wat sou voorspruit uit die roekelose bestuur van enige voertuig op die gemeenskaplike eiendom nie.
i) As gevolg van stygende lewenskoste en hoë water rekening, **mag geen** voertuig op die gemeenskaplike eiendom gewas word nie.

2) WASGOED:

a) Wasgoed mag slegs gehang word in areas wat vir die doel aangewys is.
b) Wasgoed mag nie in 'n eenheid gehang word op 'n plek waar dit vir die algemene publiek of vir ander inwoners sigbaar is nie.
c) Wasgoed wat gehang word is op die eienaars se eie risiko en geen groot matte of ander swaar items mag op die wasgoedlyn gehang word nie.

AKTEKANTOOR
2015 -01- 27
PRETORIA
DEEDS OFFICE

3) TROETELDIERE:

a) Die eienaar of bewoner van 'n eenheid mag nie sonder die skriftelike toestemming van die trustees enige troeteldier, (honde, katte, hase, muise, marmotte ens) reptiele of voëls in 'n deel of op die gemeenskaplike eiendom aanhou nie en sodanige rede word nie sonder goeie rede weerhou nie.
b) Waneer die trustees sodanige toestemming verleen, kan hulle enige redelike voorwaardes stel.
c) Die trustees kan sodanige toestemming terugtrek indien enige voorwaarde opgelê, verbreek word.
d) Slegs honde vir blinde mense sal te alle tye op die gemeenskaplike eiendom toegelaat word.

4) VULLISVERWYDERING:

a) Vullis mag nie in teenstryd met die Stadsraad regulasies hanteer word nie.

b) Geen vullis mag gelaat word op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, byvoorbeeld op die stoepe, voor woonsteldeure, in motorhuise of in die vierkant nie.
c) Vullis moet te alle tye in die houers geplaas word en nie net op die vloer van die vullisgebied nie.
d) Inwoners mag nie rommel, insluitende vullis, sigaretstompies, oorskietkos of ander vuilgoed op die gemeenskaplike eiendom stort of gooi of laat stort of gooi of toelaat dat dit gedoen word nie.

5) BEWARING VAN VLAMBARE STOWWE, VUURWAPENS EN VERWANTE ITEMS:

a) 'n Eienaar of inwoner mag nie in die gebou of op die gemeenskaplike eiendom enige stof bewaar of enige ander gevaarlike handeling verrig of laat verrig of toelaat dat dit verrig word wat die verhoging van die tarief van die premie betaalbaar deur die regspersoon op enige versekeringspolis sal of kan meebring nie.

b) Geen vuurwapens, klappers of enige verwante items en/of rekkers ensovoorts mag op die gemeenskaplike eiendom gevuur word of geaktiveer word nie.

6) BUITE VOORKOMS:

a) Geen lugreëlaars, DSTV, TV antennas of lugdrade mag ge-instaleer word sonder die vooraf skriftelike toestemming vanaf die trustees verkry is. Die riglyne sal dan deur trustees nnergelê word.
b) Geen versiering mag aangebring word op die gemeenskaplike eiendom nie. Geen gemeenskaplike eiendom mag geverf of op enige manier behandel word, behalwe waar spesifieke toestemming van die trustees verkry is, wie dan ook sal aandui wat die voorwaardes is betreffende die wyse waarop die werk uitgevoer moet word.
c) Tuingebiede moet te alle tye skoon en netjies gehou word.
d) Geen plante mag op die gemeenskaplike eiendom deur inwoners geplant word nie. Die gemeenskaplike tuin sal deur die regspersoon self versorg word, behalwe as spesifiek anders besluit word.
e) Plante op die gemeenskaplike eiendom mag onder geen omstandighede beskadig, gesnoei of verwyder word sonder die toestemming van die trustees nie.
f) Inwoners wat in die grond woonstelle woon, en buite deure het, mag self die tuintjies in stand hou. Plante mag geplant of verwyder word, op voorwaarde dat dit nie 'n steurnis vir ander eenhede is nie.

7) KINDERS:

a) Inwoners moet toesig hou oor kinders om te verhoed dat skade aangerig word op die gemeenskaplike eiendom of dat daar 'n steurnis vir ander inwoners veroorsaak word.
b) Kinders mag nie op die trappe, stoepe en gange van die gemeenskaplike eiendom hardloop en speel nie.
c) Kinders mag nie by die posbus area speel nie en ook nie aan die posbusse peuter nie. Eienaars sal verantwoordelik gehou word indien daar skade aangerig word vir die kostes hiervan.

2015 -01- 27
PRETORIA

8) FIETSE EN VERWANTE ARTIKELS:

a) Geen fietse mag in die hoofgebou ingeneem word nie. Geen fietse mag langs die trappe gestoor word nie en geen fietsry word in die vierkant toegelaat nie.
b) Fietse, driewiele, skaatsplanke en rolskaatse mag nie op enige plek op die gemeenskaplike eiendom gelaat word waar dit vir die publiek sigbaar is nie.

9) STILTE:

a) Toeters van motors en motorfietse mag nie gebruik word nie.
b) Die opjaag van toere van motorenjins, word verbied.
c) Radio's, TV's, en enige musiekinstrumente mag slegs op so 'n wyse gebruik word, dat die klank nie hoorbaar is in die aangrensende eenhede of op die stoepe nie. Hierdie reël geld ook vir motorradio's en enige musiek spelers.
d) Stilte moet te alle tye gehandhaaf word tussen tien uur saans en sewe uur soggens.

10) AKTIWITEITE OP DIE GEEMEENSKAPLIKE EIENDOM:

a) Vleisbraai mag slegs in die braai area gehou word. Die braai area is slegs vir die gerief en plesier van die inwoners. Geen groot funksies mag in die braai area gehou word nie. Inwoners is verantwoordelik om die braai area netjies en skoon agter te laat. Om brandgevaar te verhoed, sal die kole die volgende dag nadat dit afgekoel het, deur die tuinier in die vullisdrom gegooi word.
b) Geen stokperdjies mag beoefen word of enige ander aktiwiteite mag plaasvind op die gemeenskaplike eiendom sou dit 'n steurnis vir ander inwoners veroorsaak nie.
c) Geen besigheid, beroep of ambag mag of op die gemeenskaplike eiendom, of in 'n eenheid of in 'n motorhuis op die gemeenskaplike eiendom bedryf word nie.
d) Geen vendusie of rommelverkoping mag op die gemeenskaplike eiendom of 'n motorhuis of in 'n eenheid gehou word nie.
e) Geen advertensie of publisiteitsmateriaal mag uitgestal of in die gebou versprei word nie.

11) HUISWERKERS:

a) Inwoners moet toesien dat hulle huiswerkers nie onnodige lawaai maak of ronddrentel op die gemeenskaplike eiendom nie.

12) KUIERGASTE:

a) Inwoners is verantwoordelik vir die gedrag van hulle kuiergaste en moet toesien dat alle reëls gehoorsaam word. Indien kuiergaste vir langer as 'n maand in 'n eenheid op die gemeenskaplike eiendom gehuisves word, moet vooraf skriftelike toestemming van die trustees verkry word.

13) POSBUSSE:

AKTEKANTOOR
2015 -01- 27
PRETORIA
DEEDS OFFICE

a) Enige skade aan die posbusse wat deur die eienaar of huurder veroorsaak is, moet herstel word op die koste van die eienaar van sodanige posbus.

14) VERHURING VAN EENHEDE:

a) Eienaars van eenhede wat hulle eenhede verhuur moet ten alle tye verseker dat hul huurders en hul gaste die gedragsreëls van die regspersoon te alle tye streng en nougeset nakom.

15) ELEKTRIESE EN ANDER TOERUSTING:

a) Geen persoon mag onder geen omstandighede met die elektriese toerusting, brandblussers of enige ander toerusting op die gemeenskaplike eiendom peuter nie.
b) Om aan die Versekerings vereistes te voldoen, moet die gebou se elektriese bedrading voldoen aan die "NASIONALE BOUREGULASIES". Alle elektriese veranderings of herbedrading op die gemeenskaplike eiendom of in 'n eenheid op die perseel, moet te alle tye deur 'n gekwalifiseerde elektrisiën gedoen word en 'n Sertifikaat moet te alle tye verkry word.

16) PLAAGBEHEER:

a) Inwoners word verantwoordelik gehou vir plaagbeheer in sy/haar betrokke eenheid en motorhuis. Die trustees behou homself die reg voor om na 'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar en 'n redelike tydperk, 'n eenheid te inspekteer en indien dit nodig gevind sou word om sodanige eenheid, op koste van die eienaar, deur hetsy die trustees self of deur 'n kontrakteur te laat ontsmet teen peste soos kokkerotte, luise witmiere, boorinsekte en dies meer.

17) RIOLERING:

a) Inwoners moet die rioleringstelsel in eenhede skoon hou van vet en olie. Geen olie of vet of oorskiet kos mag in die rioleringstelsel op die gemeenskaplike eiendom gestort word nie.
b) Oorskiet kos, vet en olie mag nie in wasbakke en/of toilette gegooi word nie.

18) BEPERKING OP BEWARING VAN EENHEID:

a) Die maksimum aantal persone wat in 'n eenheid mag woon is soos volg:

1) Eenman woonstel: Twee volwassenes en een kind.

2) Een-en-'n-half slaapkamer woonstel: Twee volwassenes en twee kinders.

Indien daar 'n uitsondering op bogenoemde reël gemaak word, moet skriftelike aansoek aan die trustees gerig word. Normale aanwas word uitgesluit in terme van hierdie reël.

19) OPSIGTER, TUINIER EN KENNISGEWINGBORD:

a) Die werksure van die opsigter en skoonmaker is as volg:
1) **Opsigter** - Maandae tot Vrydae: 08:00 – 17:00 en op elke tweede naweek van 08:00 tot 12:00 op 'n Saterdag en daarna op bystand. Die opsigter is elke tweede naweek af, dan staan die tuinier in om te help met sleutels of nie-ernstige probleme. Enige van die trustee lede kan gekontak word ingeval van ernstige probleme.
2) **Tuinier** - Maandae tot Vrydae: 08:00 – 16:00 en op elke tweede naweek van 08:00 tot 12:00 op 'n Saterdag en daarna op bystand. Die tuinier is elke tweede naweek af, dan is die opsigter aan diens.

Die betrokke naweek datums sal op datum gehou word deur die trustees op die kennisgewingbord by die ingangsportaal. Die name en nommers van die trustee lede moet ook op die kennisgewingbord aangebring word.

20) KLAGTES:

a) Alle klagtes/voorstelle moet skriftelik aan die opsigter of enige trustee lid oorhandig word. Die trustees sal die klagtes/voorstelle dienooreenkomstig hanteer.
b) Naamlose klagtes sal nie hanteer word nie.

AKTEKANTOOR
2015 -01- 27
PRETORIA
DEEDS OFFICE

CONDUCT RULES DETERMINED FOR THE BODY CORPORATE BESWILL, SS: 87/1980, BY VIRTUE OF ARTICLE 35(2) (b) OF THE SECTIONAL TITLES ACT 95 OF 1986 (AS AMENDED).

1) MOTOR VEHICLES, GARAGES AND CARPORTS:

a) No owners or tenants shall park or stand any vehicle upon the common property, or permit or allow any vehicle to be parked or stood upon the common property, without the consent of the trustees in writing.

b) All owners have either a garage or carport as exclusive use allocated to their unit. There are twenty-two open parking spaces. Only two vehicles will be allowed per unit. Owners who have two vehicles must apply in writing for an additional parking space. The trustees will allocate the additional open parking and will a rental be payable, the amount will be determined by the trustees on a yearly basis.

c) The trustees may cause to be removed or to be towed away, at the risk and expense of the owner of the vehicle, any vehicle parked, standing or abandoned on the common property without the trustees' consent.

d) Owners and tenants of sections shall ensure that their vehicles, and the vehicles of their visitors and guest, do not drip oil or brake fluid on the common property or in any other way deface the common property.

e) No owner or tenant shall be permitted to dismantle or effect major repairs to any vehicle or motorbike on any portion of the common property, an exclusive use or in a section.

f) **Garages shall not be used as a storage place.** Only vehicles and motorcycles can be parked in the garages.

g) Garages and carport areas must be kept clean and tidy at all times.

h) A speed limit of 10 km is compulsory on the common property. The Body Corporate does not accept any responsibility for any injuries and/or damages that might arise due to reckless driving on the common property.

i) Due to rising cost of living and high water account, **no** vehicle shall be washed on the common property.

2) LAUNDRY:

a) Only the allocated area shall be used for all washing.

b) Clothes hanged out for drying on the washing line, will be on the owners/tenants own risk. The washing line might not be used for carpets or any other heavy items.

c) An owner or tenant of a section shall not hang any washing or laundry or any other items on any part of the building or the common property so as to be visible from outside the building or from any other section.


3) PETS:

a) An owner of a section shall not, without the consent in writing from the trustees, which approval may not unreasonably be withheld, keep any animal (dogs, cats, rabbits, hamsters, etc.), reptile or bird in a section or on the common property.

b) When granting such approval, the trustees may prescribe any reasonable conditions.

c) The trustees may withdraw such approval in the event of any breach of any condition prescribed in terms of sub-rule (a).

d) Only dogs for the blind will be allowed.



4) REFUSE DISPOSAL:

a) Refuse disposal shall always be in terms of the Municipal regulations.
b) All rubbish shall at all times, by all owners, be disposed in the bins at the receptacle and not in the passages.
c) No refuse may be left on common property, e.g. Passages, in front of flat doors, in garages or in the square.
d) Residents are not allowed to leave any rubbish, refuse, cigarette butts, left over foods on any part of the common property.

5) STORAGE OF INFLAMMATORY MATERIAL, FIRE ARMS AND RELATED ITEMS:

a) An owner or tenant shall not store any material, or do or permit or allow to be done, any other dangerous act in the building or on the common property which will or may increase the rate of the premium payable by the body corporate on any insurance policy.
b) No fire arms, crackers or any other related items shall be activated or fired on the common property.

6) OUTSIDE APPEARANCE:

a) No air conditioners, DSTV, TV antennas or TV cables shall be installed without the written consent of the trustees who will specify the guidelines and the place for the installation.
b) No decorations will be allowed on the common property. No owner or tenant is allowed to do any paint work on the common property, except with the written approval from the trustees, who will specify the guidelines for the painting to be done.
c) Garden areas must be kept clean and tidy at all times.
d) No owner or tenant shall plant, prune or remove any plants on the common property, accept with the written consent from the trustees. The body corporate will do the maintenance on the garden in the common property.
e) Owners and tenants, occupying the units on the ground floor, which has an outside door, can maintain their gardens. Plants can be planted or removed by the occupier, with the condition that is not a disturbance for any of the other residents.

7) CHILDREN:

a) Children must be under supervision at all times, to prevent any damages to the common property or any disturbance to any other residents.
b) Children are not allowed to play and run on the stairways, halls and passages.
c) Children are not allowed to play in the area where the post boxes are located and not damage the post boxes. Owners will be held liable for costs should the post boxes be damaged.

8) BICYCLES AND RELATED ARTICLES:

a) No bicycles are allowed inside the main building. No bicycles are allowed to be stored on the side of the steps and no bicycle riding is allowed in the square.
b) Bicycles, tricycles and skateboards shall not be stored in a place that is visible to the public.

9) SILENCE:

a) Hooters of vehicles and motorbikes shall not be used.
b) No vehicle or motorbike engine revolutions will be allowed.

AKTE
2015 -01- 27
DEED

c) Radios, TV's, CD players and all music instruments shall at all times not be used causing a disturbance to other resident. This rule also applies to vehicle radios and music players.

d) Silence must at all times be kept between ten o'clock in the evening and seven o'clock in the morning.

10) ACTIVITIES ON THE COMMON PROPERTY:

a) The braai area is the only place where residents may braai. The braai area is only for the comfort and pleasure of the residents. No functions are allowed at the braai area. Residents are responsible to clean the braai area after it has been used. To prevent fire damages to the dustbins, the gardener will remove the coals in the morning when the coals have cooled down.

b) No hobbies or any other activity that is a disturbance to any other residents may be performed on the common property.

c) No business, career or trade shall be done on the common property, in a unit or in a garage.

d) No scrap sale or auction shall be held on the common property, a unit or in a garage.

e) No advertisement or publicity material may be shown or distributed on the common property.

11) DOMESTIC WORKERS:

Owners shall see to it that their domestic workers don't make unnecessary noise and not loiter.

12) VISITORS:

a) Residents are responsible for the behaviour of their visitors and must make sure that all rules are applied at all times. Should visitors stay on the common property for a period longer than one month, the resident must get prior approval from the Trustees in writing.

13) POST BOXES:

a) Any repair cost for the damages of a post box caused by an owner or a tenant, shall be paid by the owner of the post box.

14) RENT OF UNITS:

a) The owner of a unit shall at all times be responsible that tenants shall abide to all Conduct rules of the Body Corporate.

15) ELECTRICAL AND OTHER EQUIPMENT:

a) Under no circumstances shall any resident tamper with the electrical equipment, Fire Extinguishers or any other equipment on the common property.

b) To comply with the insurance policy, the electrical installation in the building and on the common property, must comply with the "National Building Regulations". All electrical changes, repairs and electrical wiring must always be done by a qualified electrician and the necessary certificate must be obtained in all cases.

AKTE
2015 -01- 27
PRETORIA
DEED

16) PEST CONTROL:

a) It is the responsibility of the owner to do pest control in his own unit and garage. The trustees shall after written notice to the owner indicating a reasonable time, if necessary, inspect any unit and perform the pest control if needed, for the owners account, for cockroaches, lice, white ants, borer and other wood destroying insects.

17) DRAINS:

a) Residents must keep their drain system clean from fat, dirt etc. No oil or fat or left over foods may be thrown in the drains on the common property.
b) Leftover food, fat and oil, may not be disposed in the sink or toilet, to prevent blockages.

18) RESTRICTION FOR SAFE KEEPING OF UNIT:

a) The maximum persons to occupy a unit is:
   1) Single flat – Two adults and one child
   2) One and a half bedroom – Two adults and two children

   Should there be an exception to the rule, written request to the Trustees must be forwarded for approval. Normal growth is excluded from this rule.


19) CARETAKER, GARDENER AND NOTICE BOARD:

a) The working hours for the caretaker and cleaner are as follows:
   1) Caretaker – Monday to Friday: 08:00 – 17:00 and every second weekend from 08:00 – 12:00 on a Saturday and will then be on standby for that weekend. The caretaker is off every second weekend when the cleaner will be on duty to assist with keys and small problems. Any trustee member can be contacted in case of big problems.
   2) Cleaner/gardener - Monday to Friday: 08:00 – 16:00 and every second weekend from 08:00 – 12:00 on a Saturday and will then be on standby for that weekend. The cleaner is off every second weekend when the caretaker is on duty.

   The dates for the caretaker and cleaner weekends will be kept up to date by the trustees on the notice board. Trustee members contact details must also be displayed on the notice board.

20) COMPLAINTS:

a) All complaints/suggestions must be in writing and forwarded to the trustees or the caretaker. The complaint/suggestion will be dealt with accordingly.
b) No anonymous complaints will be dealt with.



PROD DEEDS REGISTRATION SYSTEM - PRETORIA DATE : 20161026 TIME : 09:16:41.1 PAGE : 1
PREPARED BY : DRS01195 - NDHLOVU MAGDELINE SUZAN

PICKING SLIP NO: 2114609 FOR SERVICES

ACC NO : 65 RORICH WOLMARANS & LUDERITZ(AT

065ADMIN00091878933 SS87/1980

FILE NO : SS87/1980

DATE : 2016/10/26

INFORMATION SUPPLIED BY CLIENT:

CONDUCT RULES SUBSTITUTION, AMEND OR REPEAL	150.00
TOTAL	R 150.00

*** END OF PICKING SLIP ***

PLEASE VERIFY THE"INFORMATION SUPPLIED BY CLIENT" ABOVE BEFORE SIGNING THE REQUEST BELOW

SERVICE REQUESTED BY:

NAME : Wilma

DATE : 26/10

SIGNED : _____

SERVICE RECEIVED:

SIGNED : _____

NOTIFICATION UNDER SECTION 35(5) OF THE SECTIONAL TITLES ACT, 1986

We, A. Minnaar and BJR Gerntholtza, the undersigned trustees of the body corporate of Beswill scheme number 87/1980 situated at 295 Elsa Street, Pretoria Gardens, hereby give notice that on 20 September 2016 the body corporate made additions to the Conduct Rules which have been initialled by the trustees for identification for the control and management of the buildings. The rules referred to have been adopted by special resolution of the body corporate: Beswill – SS: 87/1980, 295 Elsa Street, Pretoria Gardens

Trustee: _____

Name in Print: **A. Minnaar**

Trustee: _____

Name in Print: **BJR Gerntholtz**

Filed at the Office of the Registrar of Deeds at _____ on _____.

Signed at _____ on _____

Registrar of Deeds: _____ Date: _____

BESWILL – AANVULLING TOT GEDRAGSREëLS (2016)
BESWILL – SUPPLEMENT TO CONDUCT RULES (2016)

Indien eienaars enige van gedragsreëls oortree sal die volgende boetes uitgereik word.
Owners in contravention of the conduct rules will be issued with the following fines.

Eerste waarskuwing sal mondelings deur trustees/opsigter wees.
First warning will be verbal from the trustees or caretaker.

Tweede waarskuwing sal 'n skriftelike brief wees met 'n boete van R150 (Honderd en vyftig Rand).
Second warning will be a written warning with a fine of R150 (Hundred and fifty Rand).

Derde waarskuwing sal 'n skriftelike brief wees met 'n boete van R300 (Drie honderd Rand).
Third warning will be a written warning with a fine of R300 (Three hundred Rand).

Indien die oortreder na die derde waarskuwing steeds oortree sal elke boete met R150 (Honderd en vyftig Rand) vermeerder word.
If the offender still violated after the third warning each penalty will be increased by R150 (One hundred and fifty Rand).

'n Prokureur skrywe sal dan ook gestuur word na die derde waarskuwing en sal die eienaar verantwoordelik wees vir alle regskoste.
An attorney letter will also be sent after the third warning and the owner will be responsible for all legal costs.

Indien enige persoon op 'n nie toegekende parkering parkeer, sal bogenoemde boetes uitgereik word.
Any person parking on a non-allocated parking, fines as indicated above will be issued.

Enige persoon wat enige skade aan die gemeenskaplike areas rig sal 'n boete van R500 (Vyf honderd Rand) ontvang.
Any damages caused to common property, a fine of R500 (Five Hundred Rand) will be issued.

Boetes soos hierin genoem mag van tyd tot tyd deur die trustees aangepas word.
Fines may from time to time be adjusted by the trustees.

ADDITION TO RULE 18 OF REGISTERED RULES DATED 27/01/2015
BYVOEGING TOT REëL 18 VAN GEREGISTREERDE REëLS GEDATEER 27/01/2015

3. Two bedroom – two adults and two children
3. Twee slaapkamer – twee volwassenes en twee kinders

16/08/2016